

01 Noord-Korea



“Die mense in ons provinsie ly erg honger. Die meeste mense is ondervoed.” – ’n Christen van Noord-Korea

Streek Oos- en Suidoos-Asië

Christen bevolking 1.2%

Meerderheidsgeloof Ateïsme/Tradisionele gelowe

Bronne van vervolging Kommunistiese Diktatorskap

Geweld  66%

Druk  100%

Punte  94%

Oor Noord-Korea

Noord-Korea word sedert 2002 gelys as die moeilikste land vir Christene om in te leef. Hier word Christene as vyande van die staat geag omdat hulle dit waag om in 'n hoër outoriteit te glo as die Kim-familie, wat absolute trou en gehoorsaamheid vereis. Indien Christene ontdek word, word hulle na arbeidskampe gestuur as politiese misdadigers of selfs summier doodgemaak. Hul families ontvang dieselfde straf.



Bid dat God die ondergrondse Kerk in Noord-Korea sal voorberei om 'n lig in die land te wees – en dat hulle gereed sal wees om spoedig die Evangelie sonder beperkings te kan verkondig.

Ons Werk

Geopende Deure se werk behels noodleniging (kos, medisyne, klere, ens.) aan vervolgte gelowiges, die verspreiding van Christelike materiaal, opleiding deur radio-uitsendings, asook opleiding en opleidingsmateriaal aan Noord-Koreaanse gelowiges in China.

